Universiteit van Pretoria Jaarboek 2017

BA Regte (01130086)

Duur van studie	3 jaar
Totale krediete	393
Kontak	Dr L Coetzee laetitia.coetzee@up.ac.za +27 (0)124203481

Programinligting

Hierdie program voorsien graduandi met spesifieke kundigheid van die reg en regsverwante vaardighede en lei hulle op in geselekteerde taaldissiplines en geselekteerde sosiale wetenskappe. Die verworwe vaardighede kan toegepas word in óf die private óf publieke sektore. Die program dien as alternatiewe roete om uiteindelik ook die LLB-graad te verwerf. Die student is na voltooiing van die BA-graad geskik om voort te gaan met die LLB-graad (wat beroepsgerig is) of ’n BAHons-graad. Die BA/LLB-kombinasie sal vyf tot ses jaar neem om te voltooi.

Toelatingsvereistes

- Die volgende persone sal vir toelating oorweeg word: ‘n kandidaat wat oor ‘n sertifikaat beskik wat deur die Universiteit as gelykstaande aan die vereiste Graad 12-sertifikaat met toelating vir graaddoeleindes aanvaar word; ‘n kandidaat wat ‘n gegradueerde van ‘n ander tersiêre instelling is of die status van ‘n gegradueerde van so ‘n instelling geniet; en ‘n kandidaat wat ‘n gegradueerde van ‘n ander fakulteit van die Universiteit van Pretoria is.
- Kandidate wat voldoen aan die minimum vak- en prestasievereistes sowel as die TPT-vereistes van hierdie programme sal in die programme geplaas word, onderhewig aan die beskikbaarheid van plekke. Bogenoemde is nie van toepassing op keuringsprogramme nie.
- Om toelating te behou, sal daar van leerders verwag word om 'n TPT van ten minste 28 in Graad 12 te behaal. Voornemende studente wat reeds voorlopige toelating tot hierdie programme ontvang het, maar 'n TPT van ten minste 27 in Graad 12 behaal het, sal deur die Toelatingskomitee oorweeg word indien plekke beskikbaar is. Die Toelatingskomitee van die Fakulteit Geesteswetenskappe sal hierdie studente oorweeg sodra die uitslag van die Nasionale Normtoets (National Benchmark Test – NBT) beskikbaar is en onderhewig aan die beskikbaarheid van plekke.
- Die Fakulteit sal bevredigende resultate in die NBT beoordeel in die lig van sy onderneming om te verseker dat ‘n voldoende gedeelte aansoekers uit die histories benadeelde kategorie van die bevolking getrek word.
- Aansoekers wat aan die minimum TPT-vereistes voldoen, maar nie aan die vakvereistes nie, moet die NBT aflê.
- Lewensoriëntering word uitgesluit wanneer die TPT bereken word.

Minimum vereistes				
Prestasievlak				**TPT**
Afrikaans of Engels				
NSS/IEB	HIGCSE	AS-Level	A-Level	

5	3	C	C	30

Ander programspesifieke inligting

Ter kennnisname: BA (Regte)-studente wat van voorneme is om ook die LLB-graad te behaal, moet daarop let dat een van die vereistes vir die LLB-graad minstens 12 krediete uit die volgende lys van taalmodules is: AFR 110, AFR 120, AFR 114, ENG 118, ENG 110, ENG 120. BA (Regte)-studente wat nie aan hierdie vereiste voldoen tydens hul BA (Regte)-studie nie sal vir hierdie module(s) moet registreer wanneer hulle vir die LLB inskryf.

Let wel: *Studente wat beplan om die LLB-graad na voltooiing van die BA (Regte)-graad te behaal, word aanbeveel om vir addisionele modules te registreer.*

Neem egter kennis dat

- registrasie vir addisionele modules net vanaf die tweede jaar van registrasie vir die BA (Regte)-graad toegelaat sal word en onderhewig is aan akademiese prestasie;
- studente toegelaat sal word om vir ’n maksimum van sewe modules per semester te registreer;
- studente slegs toegelaat sal word om addisionele tweedejaarmodules te neem wat voorgeskryf is in die derde jaar van die BA (Regte)-graadprogram.

Gelyktydige registrasie
Toestemming sal slegs verleen word aan studente om gelyktydig vir BA (Regte) en LLB te registreer:

- sodra ’n BA (Regte)-student geregistreer is vir die finale studiejaar;
- met hoogstens 7 modules uitstaande om die BA (Regte)-graad te voltooi;
- op voorwaarde dat daar nie vir meer as ’n totaal van 7 modules per semester geregistreer word vir die BA (Regte) en die LLB nie; en
- sodra goedkeuring verleen is op grond van akademiese prestasie.

BA (Regte)-studente wat vir addisionele regsmodules wil registreer, doen dit in terme van die Fakulteit Regsgeleerdheid se jaarboek van die akademiese jaar waarin hulle vir die eerste keer geregistreer het.

Let wel: Studente wat beoog om ’n LLB-graad na afloop van die BA-graad te volg, word aangeraai om met die Studenteadministrasie van die Fakulteit Regsgeleerdheid in verbinding te tree vir advies oor welke addisionele modules reeds gedurende hulle voorgraadse studie geneem kan word.

Die BA(Regte)-graad moet binne ’n maksimum van vyf jaar voltooi word. Versuim om dit te doen, kan lei tot uitsluiting van die Fakulteit Geesteswetenskappe.

NB Registrasie vir addisionele modules sal slegs toegelaat word indien dit geen roosterbotsings tot gevolg het nie.

Oorgangsmaatreëls

Hierdie oorgangsmaatreëls is van toepassing op studente wat reeds voor 2013 vir die BA (Regte)-graad geregistreer het**.**

Studente wat voor 2013 vir BA (Regte) geregistreer was, sal toegelaat word om vir die verpligte regsmodules soos uiteengesit in die betrokke (pre-2013) jaarboek te registreer. Toegang tot jaarboeke kan by die volgende

webadres verkry word: http://web.up.ac.za/

Module uitstaande:	Registreer vir:	Somerskool Januarie 2015	Klasbywoning in 2015 (indien nie geslaag gedurende Somer- skool nie)
FMR 110	FMR 110	–	FMR 121*
FMR 120	FMR 120	–	FMR 121*
MRT 220	MRT 220	MRT 220	PBL 200*
SRG 210	SRG 210	SRG 210	PBL 200*
SRG 220	SRG 220	SRG 220	PBL 200*

*Volledige oorgangsmaatreëls sal in die studiegidse van hierdie modules gepubliseer word.

Die aanbieding van Somer- en Winterskole hang af van die beskikbaarheid van fondse en dosente.

In terme van die Fakulteit Regsgeleerdheid se beleid ten opsigte van die Somer-/ Winterskool, mag ’n student vir ’n maksimum van twee regsmodules per Somer-/ Winterskool registreer.

Eerstejaar- BA (Regte)-studente wat minder as 60 krediete in 2012 behaal het en tweede- en derdejaar- BA (Regte)-studente wat minder as 80 krediete in 2013 en verder behaal, en nie akademies uitgesluit word nie, word vir die nuwe kurrikulum geregistreer in 2013 (eerstejaarstudente) en 2014 en verder (tweede- en derdejaarstudente) (Algemene Regulasie G.5.2.c gelees met paragraaf 2.5.10, 2012 Fakulteit Geesteswetenskappe jaarboek).

Eerstejaar- BA (Regte)-studente (2012) wat voorwaardelik deur die Appèlkomitee van die Senaat tot die Fakulteit Geesteswetenskappe hertoegelaat word, registreer vir die nuwe kurrikulum volgens die 2013-jaarboek (Reg 2.5.10 (a) Fakulteit Geesteswetenskappe).

Herhalers wat ’n relevante eerstejaarsregsmodule weer in 2013 gedruip het, moet vir die betrokke module soos in die tabel hierbo uiteengesit registreer, maar daar sal van hulle verwag word om die inhoud van die module te voltooi soos in die 2014-jaarboek uiteengesit.

Herhalers wat relevante tweedejaars- of derdejaarsregsmodules weer in 2014 druip, moet vir die betrokke module soos in die tabel hierbo uiteengesit registreer, maar daar sal van hulle verwag word om die inhoud van die module te voltooi soos in die 2015-jaarboek uiteengesit.

Die Dekaan van die Fakulteit Regsgeleerdheid het die diskresie om ’n billike en praktiese beslissing te fel waar ’n onverwagte situasie in die toepassing van die oorgangsmaatreëls ontstaan, of waar ’n spesifieke probleem nie uitdruklik in die oorgangsmaatreëls uiteen-gesit is nie.

BA (Regte)-studente wat vir addisionele regsmodules wil registreer, doen dit in terme van die Fakulteit Regsgeleerdheid se jaarboek van die akademiese jaar waarin hulle vir die eerste keer geregistreer het.

Kurrikulum: Jaar 1

Minimum krediete: 128

Fundamentele modules

Regsleer 110 (JUR 110) - Krediete: 15.00
Akademiese inligtingbestuur 121 (AIM 121) - Krediete: 4.00
Akademiese inligtingbestuur 111 (AIM 111) - Krediete: 4.00
Academic orientation 101 (UPO 101) - Krediete: 0.00
Akademiese-inligtingsbestuur 102 (AIM 102) - Krediete: 6.00
Regsleer 120 (JUR 120) - Krediete: 15.00

Kernmodules

Personereg 110 (PSR 110) - Krediete: 10.00
Romeinse reg 120 (ROM 120) - Krediete: 10.00

Keusemodules

Antieke kultuurstudie 120 (AKG 120) - Krediete: 12.00
Antropologie 120 (APL 120) - Krediete: 12.00
Hebreeus 120 (HEB 120) - Krediete: 12.00
Inleiding tot isiNdebele Grammatika: Capita selecta 110 (NDE 110) - Krediete: 12.00
Sielkunde 110 (SLK 110) - Krediete: 12.00
Sosiologie 110 (SOC 110) - Krediete: 12.00
Afrikaans 120 (AFR 120) - Krediete: 12.00
Frans: Kultureel-professioneel (2) 123 (FRN 123) - Krediete: 12.00
Latyn 120 (LAT 120) - Krediete: 12.00
Sepedi vir beginners 110 (SEP 110) - Krediete: 12.00
Portugees vir beginners 101 (PTG 101) - Krediete: 24.00
Grieks 120 (GRK 120) - Krediete: 12.00
Sosiologie 120 (SOC 120) - Krediete: 12.00
Setswana 120 (STW 120) - Krediete: 12.00
English for specific purposes 118 (ENG 118) - Krediete: 12.00
Spaans vir beginners (2) 102 (SPN 102) - Krediete: 12.00
Grieks 110 (GRK 110) - Krediete: 12.00
Spaans vir beginners (1) 101 (SPN 101) - Krediete: 12.00
isiZulu vir beginners 110 (ZUL 110) - Krediete: 12.00
isiZulu 120 (ZUL 120) - Krediete: 12.00
Afrikatale letterkunde: Capita selecta 121 (AFT 121) - Krediete: 12.00
Inleiding tot Sepedi grammatika - Capita Selecta 111 (SEP 111) - Krediete: 12.00
Antieke kultuurstudie 110 (AKG 110) - Krediete: 12.00
Antropologie 110 (APL 110) - Krediete: 12.00
Frans vir beginners 104 (FRN 104) - Krediete: 24.00
Kriminologie 120 (KRM 120) - Krediete: 12.00
Latyn 110 (LAT 110) - Krediete: 12.00
Portugese taal en kultuur (2) 123 (PTG 123) - Krediete: 12.00
Inleiding tot Setswana-grammatika – Capita selecta 111 (STW 111) - Krediete: 12.00
Politiek 101 (PTO 101) - Krediete: 24.00

Afrikaans 110 (AFR 110) - Krediete: 12.00
Engels 110 (ENG 110) - Krediete: 12.00
English 120 (ENG 120) - Krediete: 12.00
Geskiedenis 110 (GES 110) - Krediete: 12.00
Geskiedenis 120 (GES 120) - Krediete: 12.00
Hebreeus 110 (HEB 110) - Krediete: 12.00
Kriminologie 110 (KRM 110) - Krediete: 12.00
Sepedi 120 (SEP 120) - Krediete: 12.00
Bybelse tale 251 (BYT 251) - Krediete: 8.00
Filosofie 110 (FIL 110) - Krediete: 12.00
Filosofie 120 (FIL 120) - Krediete: 12.00
Frans: Kultureel-professioneel (1) 113 (FRN 113) - Krediete: 12.00
Sielkunde 120 (SLK 120) - Krediete: 12.00
Setswana vir beginners 110 (STW 110) - Krediete: 12.00
Inleiding tot isiZulu grammatika - Capita selecta 111 (ZUL 111) - Krediete: 12.00
Portugese taal en kultuur (1) 113 (PTG 113) - Krediete: 12.00

Kurrikulum: Jaar 2

Minimum krediete: 135

Kernmodules

Regspluralisme 210 (RPR 210) - Krediete: 10.00
Regsuitleg 210 (RVW 210) - Krediete: 10.00
Familiereg 121 (FMR 121) - Krediete: 15.00
Publiekreg 200 (PBL 200) - Krediete: 20.00

Keusemodules

Afrikaans 210 (AFR 210) - Krediete: 20.00
Antieke kultuurstudie 220 (AKG 220) - Krediete: 20.00
Geskiedenis 220 (GES 220) - Krediete: 20.00
Grieks 220 (GRK 220) - Krediete: 16.00
Latyn 220 (LAT 220) - Krediete: 20.00
Sosiologie 220 (SOC 220) - Krediete: 20.00
Filosofie 210 (FIL 210) - Krediete: 20.00
Grieks 210 (GRK 210) - Krediete: 16.00
Sosiologie 210 (SOC 210) - Krediete: 20.00
Setswana 220 (STW 220) - Krediete: 20.00
isiZulu 220 (ZUL 220) - Krediete: 20.00
Frans: Intermediêr (1) 211 (FRN 211) - Krediete: 20.00
Afrikatale letterkunde: Capita selecta 220 (AFT 220) - Krediete: 20.00
Sepedi grammatika - Capita selecta 211 (SEP 211) - Krediete: 20.00
Antieke kultuurstudie 210 (AKG 210) - Krediete: 20.00
Antropologie 220 (APL 220) - Krediete: 20.00
Filosofie 220 (FIL 220) - Krediete: 20.00
Hebreeus 220 (HEB 220) - Krediete: 16.00
Latyn 210 (LAT 210) - Krediete: 20.00
Spaans: Intermediêr (1) 211 (SPN 211) - Krediete: 20.00
Staatsleer 210 (STL 210) - Krediete: 20.00
Geskiedenis 210 (GES 210) - Krediete: 20.00
Hebreeus 210 (HEB 210) - Krediete: 16.00
Spaans: Intermediêr (2) 221 (SPN 221) - Krediete: 20.00
Frans: Intermediêr (2) 221 (FRN 221) - Krediete: 20.00
Internasionale verhoudinge 220 (IPL 220) - Krediete: 20.00
Kriminologie 210 (KRM 210) - Krediete: 20.00
Kriminologie 220 (KRM 220) - Krediete: 20.00
Populêre fiksie 220 (LCC 220) - Krediete: 20.00
IsiNdebele 210 (NDE 210) - Krediete: 20.00
Sepedi 220 (SEP 220) - Krediete: 20.00
IsiZulu grammatika - Capita selecta 211 (ZUL 211) - Krediete: 20.00
Sepedi 210 (SEP 210) - Krediete: 20.00
Sielkunde 210 (SLK 210) - Krediete: 20.00
Staatsleer 220 (STL 220) - Krediete: 20.00
Duits: Intermediêr (1) 211 (DTS 211) - Krediete: 20.00

Duits: Intermediêr (2) 221 (DTS 221) - Krediete: 20.00
Antropologie 210 (APL 210) - Krediete: 20.00
Internasionale verhoudinge 210 (IPL 210) - Krediete: 20.00
Taal, kultuur en kommunikasie 210 (LCC 210) - Krediete: 20.00
Sielkunde 220 (SLK 220) - Krediete: 20.00
Portugees: Intermediêr (2) 221 (PTG 221) - Krediete: 20.00
Setswana-grammatika – Capita selecta 211 (STW 211) - Krediete: 20.00
Afrikaans 220 (AFR 220) - Krediete: 20.00
Modern English literature and English studies 210 (ENG 210) - Krediete: 20.00
English 220 (ENG 220) - Krediete: 20.00
Setswana 210 (STW 210) - Krediete: 20.00
isiZulu 210 (ZUL 210) - Krediete: 20.00
Portugees: Intermediêr (1) 211 (PTG 211) - Krediete: 20.00

Kurrikulum: Finale jaar

Minimum krediete: 130

Kernmodules

Besondere kontrakte 220 (KTH 220) - Krediete: 15.00
Regsleer 310 (JUR 310) - Krediete: 10.00
Erfreg 222 (ERF 222) - Krediete: 15.00
Deliktereg 320 (DLR 320) - Krediete: 15.00
Kontraktereg 211 (KTR 211) - Krediete: 15.00

Keusemodules

Afrikaans 311 (AFR 311) - Krediete: 30.00
Duits: Kultureel-professioneel (10) 364 (DTS 364) - Krediete: 15.00
isiNdebele 310 (NDE 310) - Krediete: 30.00
Setswana 310 (STW 310) - Krediete: 30.00
Frans: Kultureel-professioneel (10) 364 (FRN 364) - Krediete: 15.00
Geskiedenis 320 (GES 320) - Krediete: 30.00
Sepedi 310 (SEP 310) - Krediete: 30.00
Sielkunde 310 (SLK 310) - Krediete: 30.00
Sosiologie 310 (SOC 310) - Krediete: 30.00
English 310 (ENG 310) - Krediete: 30.00
Sielkunde 320 (SLK 320) - Krediete: 30.00
Afrikaans 321 (AFR 321) - Krediete: 30.00
Duits: Kultureel-professioneel (8) 362 (DTS 362) - Krediete: 15.00
Duits: Kultureel-professioneel (9) 363 (DTS 363) - Krediete: 15.00
Geskiedenis 310 (GES 310) - Krediete: 30.00
Staatsleer 320 (STL 320) - Krediete: 30.00
Antropologie 320 (APL 320) - Krediete: 30.00
Bybelse tale 310 (BYT 310) - Krediete: 30.00
Bybelse tale 320 (BYT 320) - Krediete: 30.00
Frans: Kultureel-professioneel (8) 362 (FRN 362) - Krediete: 15.00
Kriminologie 320 (KRM 320) - Krediete: 30.00
Latyn 310 (LAT 310) - Krediete: 30.00
Afrikatale-literatuur: Capita selecta 320 (AFT 320) - Krediete: 30.00
Antieke kultuurstudie 310 (AKG 310) - Krediete: 30.00
Filosofie 310 (FIL 310) - Krediete: 30.00
Filosofie 320 (FIL 320) - Krediete: 30.00
Frans: Kultureel-professioneel (7) 361 (FRN 361) - Krediete: 15.00
Latyn 320 (LAT 320) - Krediete: 30.00
isiZulu 310 (ZUL 310) - Krediete: 30.00
Antieke kultuurstudie 320 (AKG 320) - Krediete: 30.00
Antropologie 310 (APL 310) - Krediete: 30.00
Duits: Kultureel-professioneel (7) 361 (DTS 361) - Krediete: 15.00
Frans: Kultureel-professioneel (9) 363 (FRN 363) - Krediete: 15.00
Kriminologie 310 (KRM 310) - Krediete: 30.00
Sosiologie 320 (SOC 320) - Krediete: 30.00

Staatsleer 310 (STL 310) - Krediete: 30.00
Spaans: Intermediêr (3) 311 (SPN 311) - Krediete: 30.00
English 320 (ENG 320) - Krediete: 30.00
Spaans: Intermediêr (4) 321 (SPN 321) - Krediete: 30.00

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die Algemene Regulasies (G Regulasies) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertroud met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die Algemene Reëls sal wees. Onkunde betrefffende hierdie regulasies en reels sal nie as 'n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.